Vrydag **2 Augustus**

**Skrifgedeelte: Genesis 17:1-8**

**Fokusgedeelte: Genesis 17:7 (AFR53)**

**Die almagtige God troos ons met die verbondsbelofte om vir ons en ons nageslag 'n God te wees**

Dit is 'n troosvolle gedagte dat die almagtige en soewereine God met swak en sondige en nietige mense 'n verbond gesluit het en dat hierdie verbond ons nageslag ook insluit!

Ons het troos nodig, veral in die tyd waarin ons leef. Watter groter troos is daar as juis dit, dat God Hom aan ons verbind met 'n verbond, 'n ewige ooreenkoms. In ons Skrifgedeelte maak God allerhande beloftes aan Abram oor 'n groot nageslag en 'n land. Maar die hoofbelofte staan in ons fokusgedeelte: "En Ek sal my verbond oprig tussen My en jou en jou nageslag ná jou in hulle geslagte as 'n ewige verbond, om vir jou 'n God te wees en vir jou nageslag ná jou."

Net so min as wat ons die wese van God kan peil, net so min kan ons die diepte en die rykdom van hierdie belofte van die ewige en almagtige God, om vir ons 'n God te wees, deurgrond. Die troos hiervan strek ver en wyd en diep. Uiteindelik lei God se getrouheid aan hierdie belofte om vir ons 'n God te wees tot ons verlossing in Christus. Omdat God sy belofte gehou het om vir ons 'n God te wees, het Hy ook vir ons ewige verlossing bewerk deur sy Seun, Jesus Christus. Hierdie troos word mooi verwoord in ons belydenis in Sondag 1 van die Kategismus.

Die Gees van God maak ons so dankbaar daarvoor dat God 'n ewige belofte met ons gesluit het om ons God te wees, dat ons ook die eise van die verbond met vreugde nakom deur naby God te lewe en opreg te wees.

*Sing: Psalm 105-1:1, 5*

*Dr. HPM (Malan) van Rhyn (Pretoria-Noord en Aros)*